# Die wese van godsdienssin – 'n empiriese studie

J.C. Kok, C.P.H. Myburgh & C. Swart
Dept. Opvoedingswetenskappe
Randse Afrikaanse Universiteit
JOHANNESBURG

**Abstract**

## The essence of religiosity – an empirical study

*In this article the following issues concerning the essence of religiosity are considered: faith, trust, decision making, knowledge of principles, commitment, direction, hope, peace, meaning and security. The respondents used in this study were politicians, businessmen and teacher educators from all sectors and regions of South Africa.*

*Higher order factor analysis and item analysis were used to evaluate the validity and reliability of the questionnaire. Subsequently differential differences were investigated by applying Hotelling's T-square test followed by the Student t-test as well as Multivariate Analysis of Variance (ANOVA) and Scheffé. Significant differences in the degree of religiosity were found between language and religious groups, as well as between respondents with different educational qualifications and between those living in urban and rural areas.*

*Ministers of religion should note that it is essential to guide believers to a greater commitment and to the religious seeking of meaning and peace. The correct knowledge of and insight into the essence of religiosity will lead to attaining this goal.*

## 1. Inleidend

In 'n empiriese studie wat pas in Suid-Afrika voltooi is, is daar gepoog om 'n beskrywing te verkry van die volwassenheidsbeeld soos wat dit tans in die RSA bestaan (Kok *et al.*, 1992). Daar is met ander woorde gepoog om 'n beskrywing te gee van hoe volwassenes tans volwassenheid of minstens die idee van volwassenheid beskou. Een van die vermeende fasette van volwassenheid waarna ondersoek ingestel is, is godsdienssin. In hierdie artikel word die bevindinge van hierdie deel van die ondersoek kortliks gerapporteer. Dit is belangrik dat teoloë asook ander belanghebbendes van hierdie bevindinge sal kennis neem. Godsdienssin (religie) word gesien as die mens se hunkering na 'n mag groter as hyself

– 'n mag waarop hy kan vertrou en vanwaar hy sy krag kan put (Swart, 1991:8). Rodin (in Muller, *et al.*, 1986:42) beskou die mens se sin vir godsdiens as sy gevoel van alles wat in die wêreld onverklaard en onverklaarbaar is. Godsdienssin is die mens se smagtende uitreik van sy bewuste na die oneindige, na die ewige. In hierdie ondersoek is dit dié soort betekenis wat aan godsdienssin geheg word.

## 2. Aspekte van godsdienssin

Uit 'n literatuurstudie deur Swart (1991:11-25) waarin hierdie studie prinsipieel begrond is, het die volgende na vore gekom as aspekte van godsdienssin ('n volledige definisie van elke aspek saam met stawende literatuur is in hierdie bron te vinde):

* *Geloof impliseer vertroue.* Die mens se behoefte aan steun op 'n Opperwese word beskou as die basis van godsdienssin. Die mens met 'n godsdienssin plaas in geloof sy vertroue buite homself in die god wat hy aanbid; in vaste vertroue maak hy hom ondergeskik aan een wat veel groter, sterker en magtiger as hy is.

* *Godsdiens dien as keusebepaler.* Die mens maak voortdurend keuses. Hy kies tussen reg en verkeerd, goed en sleg, mooi en lelik, tussen waardevol en waardeloos, ensovoorts. Al sy keuses word minstens potensieel deur sy godsdienssin beïnvloed.

* *Kennis is 'n voorwaarde vir geloof.* Sonder kennis kan daar nie sprake wees van die handhawing van byvoorbeeld enige godsdienstige beginsels of enige godsdienstig-bepaalde lewenswyse nie. Elke godsdiens verwag daarom van sy aanhangers dat hulle kennis aangaande die spesifieke godsdiens voortdurend sal verdiep en verbreed.

* *Toewyding is essensieel.* Wanneer 'n mens dit ernstig met sy godsdiens bedoel, is toewyding aan dit wat die betrokke godsdiens voorstaan essensieel. Elke geloof of godsdiens eis van die volgelinge daarvan volle toegewydheid.

* *Godsdienssin gee rigting, doel en hoop.* 'n Mens se godsdienssin gee aan sy lewe 'n sekere rigting, doel en inhoud. Sy hoop op die toekoms word ten diepste beïnvloed deur dit wat sy besondere godsdiens in hierdie verband voorhou.

* *Godsdiens as sinontsluitend.* Godsdiens is vir 'n gelowige die bron van sin in sy lewe, en skep 'n dieper dimensie van sinvervulling en vrede in die gemoed by die mens.

* *Godsdienssin stimuleer geborgenheid.* Vir 'n gelowige is sy sekuriteit in die lewe in sy godsdiens veranker. Die belewing van veiligheid, sekerheid en geborgenheid word toegeskryf aan iemand wat sorg vir jou bewaring en beskerming.

## 3. Operasionalisering van godsdienssin

Die sewe onderskeibare aspekte van godsdienssin wat genoem is, is geoperasionaliseer om die items te vorm wat hierdie aspek van volwassenheid in die empiriese ondersoek kon dek. In Tabel 1 word die items in die skaal waarmee godsdienssin beoordeel is, weergegee. Elke item moes deur elke respondent op 'n negepuntskaal beoordeel word in terme van die belangrikheid wat die respondent volgens eie siening daaraan heg. Die ankerpunte van hierdie skaal was vanaf 'minder belangrik' tot 'belangrik'. Die rede vir die gebruik van hierdie ankerpunte is dat elkeen van die inhoude van die vraagitems belangrik is ten opsigte van godsdienssin (vgl. Tabel 1). 'n Respondent is dus versoek om 'n oordeel te vel ten opsigte van die 'mate van belangrikheid' vir hom of haar, met ander woorde: die respondent kon ten opsigte van elkeen van hierdie aspekte aantoon hoeveel betekenis sy godsdiens in hierdie opsigte vir hom het. Benewens die skaal oor godsdienssin was daar nog 'n skaal oor volwassenheidsin wat 72 items ingesluit het (Kok, *et al.*, 1992). Aangesien hierdie artikel slegs oor godsdienssin handel, word daar nie verder oor die ander gedeelte van die ondersoek, naamlik volwassenheid, gerapporteer nie.

## 4. Ondersoekgroep

Die keuse van respondente is gemaak op grond van hulle verwagte geskiktheid om 'n oordeel te vel oor wie en wat 'n volwassene behoort te wees.

In die lig van respondente se oordeelsvaardigheid om aspekte van volwassenheid te omlyn en te identifiseer, is gebruik gemaak van doelpopulasie-tegnieke, gekomplementeer met statistiese steekproeftrekkingstegnieke. Respondente is dus gekies uit die politici, sakemanne en die land se onderwysersopleiers. Die respondente kan beskou word as verteenwoordigend van al die geografiese streke van die land, van alle taal- en kultuurgroepe en van die belangrikste godsdiensgroeperinge. Die politici wat genader is, was lede van die drie huise van die parlement en van twee wetgewende vergaderings van selfregerende state. Die sakemanne wat genader is, was almal lede van óf SABEK, óf die AHI, óf NAF COC: 300 lede uit elkeen van hierdie drie organisasies is op ewekansige wyse getrek en genader om die vraelys te voltooi. Die dosente wat vraelyste voltooi het, het bestaan uit al die personeellede van sewe onderwyskolleges en uit die personeel van sewe fakulteite van Opvoedkunde. Hierdie inrigtings is versprei oor die hele land. Daar is altesaam 1945 vraelyste uitgestuur waarvan 722 (37,

12%) terugontvang is. Vir volledige besonderhede oor die empiriese ondersoek, word die leser na die werk van Kok *et al.* (1992:50-54) verwys.

## 5. Geldigheid en betroubaarheid

Die geldigheid van die instrument is deur middel van 'n eerste- en tweedeorde faktoranalise ondersoek (Myburgh, 1990:11-14). Die eerste-orde analise het bestaan uit 'n hoofkomponentanalise (PCA) gevolg deur 'n hooffaktoranalise (PFA). In albei gevalle is ortogonale asse en varimaxrotasie toegepas. In die tweede-orde analise is die resultate van die eerste-orde analise as invoer gebruik. In hierdie geval is 'n PCA met ortogonale asse en varimaxrotasie toegepas, gevolg deur 'n PFA volgens die Dobliminmetode. Uit die toepassing van hierdie faktoranalitiese prosedure op die items van die hele ondersoek na volwassenheid, is daar twee faktore gevind: verantwoordelikheidsin en godsdienssin. In die lig van die doel van hierdie artikel word slegs oor godsdienssin gerapporteer (vgl. Tabel 1). Verder maak die omvang van die oorkoepelende ondersoek dit nie moontlik om binne die bestek van een artikel oor die gehele ondersoek te rapporteer nie. Lesers word verwys na die verslag van Kok *et al.* (1992) vir verdere inligting.

Die twee faktore wat in die ondersoek na volwassenheid geïdentifiseer is, naamlik verantwoordelikheidsin en godsdienssin, is vervolgens vir betroubaarheid ondersoek. Die Cronbach alpha-betroubaarheidskoëffisiënt is met behulp van die NP50- program (1974) vir hierdie doel bereken. Koëffisiënte van 0,970 en 0,924 is onderskeidelik vir die twee faktore verkry. Hierdie resultaat dui op 'n redelike hoë mate van betroubaarheid (Kok *et al.*, 1992:54).

Die betekenis van bogenoemde bevindinge is dat die instrument wat gebruik is om die empiriese ondersoek mee uit te voer, voldoen het aan die vereistes van geldigheid en betroubaarheid en daarom kan dit op grond hiervan as skaal in hierdie ondersoek aanvaar word. Hierdie stelling kan gemaak word in die lig daarvan dat die items wat op die faktor *godsdienssin* laai (vgl. Tabel 1) wel verband hou met mekaar. Items wat indirek na godsdienssin verwys se faktorladings is oor die algemeen laer. Op grond hiervan kan aanvaar word dat hierdie faktor aan inhoudgeldigheid sowel as aan siggeldigheid voldoen. Die feit dat godsdienssin as 'n afsonderlike faktor onderskei is, is insiggewend. Godsdienssin en wat dit verteenwoordig, word nie eers verwerf wanneer individue volwasse word nie, maar is waarskynlik met menswees gegee. Dit is duidelik dat godsdienssin nie 'n essensiële faktor, slegs beperk tot volwassenheid is nie. Kinders wat nog nie volwasse is nie, kan 'n sin vir godsdiens hê (en soms 'n besonder sterk een). Hierdie bewering is in ooreenstemming daarmee dat alle mense in wese religieus is. Terselfdertyd is daar volwassenes wat al die fasette van volwassenheid vertoon sonder dat hulle 'n sin vir godsdiens of enige sodanige verbintenis het. Of dit ver-

antwoordelik is om sonder 'n sin vir godsdiens deur die lewe te gaan, is suiwer 'n lewensbeskoulike aangeleentheid.

## 6. Analise van empiriese gegewens

Uit die analises volg dit dat die aspekte in die skaal van godsdienssin in rangorde ten opsigte van die skaalgemiddeldes die volgende is (Kok *et al.*, 1992):

* *Toegewydheid* aan die besondere godsdiens wat aangehang word, gevolg deur
* *'n soeke na sin en vrede* in die godsdiens asook
* besliste *kennis* van die godsdiens wat aangehang word (vgl. Tabel 1).

'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat toewyding en 'n egte, diepgaande godsdienssin verbandhoudend is. Toewyding is oor die algemeen een van die vereistes wat 'n godsdiensdenominasie van sy aanhangers verwag. Verder soek elke mens na sin in die lewe en die meeste wend hulle na godsdiens om antwoorde op die belangrikste lewensvrae te gee. Wanneer antwoorde op hierdie soort vrae gevind is, bring dit gewoonlik vrede in die gemoed van die mens. In sy diepste wese soek elke mens na vrede. Wanneer sin gevind word, word vrede ervaar. Kennis van waaroor dit in die besondere godsdiens gaan, is onontbeerlik. Dit is net logies dat sonder kennis van byvoorbeeld die inhoud, waardes en beginsels, toewyding onmoontlik is. Sonder kennis kan sin nie gevind word nie. Die aanhanger van 'n godsdienssin moet tog minstens basiese inligting (kennis) hê van waaroor dit gaan; van hoe verbande, verhoudinge en verpligting verstaan behoort te word. Geloof is immers geloof in iets waarvan 'n mens *'n sekere wete* het. Die tipiese gelowige soek dus voortdurend na verdere kennis van sy besondere godsdiens om antwoorde op meerdere vrae te vind – antwoorde wat kan lei tot groter toewyding en meer sin en 'n dieper vrede.

In die differensiële analises wat gemaak is, is die volgende onafhanklike veranderlikes van die respondente gebruik: geslag, taal, ouderdom, godsdiensverbintenis, huwelikstatus, gesinsgrootte en inkomstepeil. Daar is verwag dat hierdie veranderlikes moontlik 'n verband kan toon met die respondente se beskouinge van godsdienssin. Hierdie analises soos weergegee in Tabel 2 het die volgende bevindinge opgelewer:

* Daar is geen statisties beduidende verskille gevind in die beoordeling van godsdienssin as faset van volwassenheid tussen mans en dames, getroudes en diegene met 'n ander huwelikstatus, onderwyskollege- en universiteitdosente en tussen mense uit verskillende ouderdomsgroepe, gesinsgroottes en inkomstegroepe nie.

* Beduidende verskille is gevind tussen verskillende godsdiensgroepe. Dit is veral die Christelike godsdiensgroepe wat baie sterk voel dat godsdienssin 'n deel van volwassenheid behoort uit te maak, terwyl ander godsdienste se aanhangers minder sterk oor die saak voel. Diegene sonder 'n godsdiensverbintenis (sonder 'n kerklike verband of 'behorende' tot 'n sekere 'geloof') voel natuurlik totaal negatief daaroor.
* Afrikaanssprekendes voel baie sterker oor godsdienssin in vergelyking met ander taalgroepe en verskil veral sterk van Engelssprekendes hieroor.
* 'n Statisties beduidende verskil bestaan tussen die siening van st. 10 en laer gekwalifiseerdes en persone met 'n beter kwalifikasie. Diegene met 'n st. 10 en laer kwalifikasie voel sterker oor godsdienssin as beter gekwalifiseerdes.
* Die plattelanders toon ook 'n meer positiewe siening van godsdienssin as stedelinge en semi-stedelinge.

Dit is nodig dat teoloë, predikante, geestelikes, onderwysers, maatskaplike werkers en ander in geesteswetenskaplike professies kennis sal neem van wat die wese van godsdienssin vir die gelowige beteken; wat 'n gelowige in sy godsdiens soek; hoe verskillende groepe in die samelewing oor godsdiens oordeel sodat hulle in hulle diens aan ander met beter begrip kan optree. Bedienaars van die Woord byvoorbeeld sal goed doen deur gelowiges aan te moedig en te lei tot groter en vaste toewyding aan dit wat deur die Christelike geloof voorgehou word. Godsdiens speel 'n deurslaggewende rol in 'n mens se lewe om sin en vrede met homself en met ander te vind. As godsdiens dit nie vir 'n gelowige kan bied nie, is so 'n mens se geloof redelik futiel. Die behoefte aan vrede en vastigheid by die mens plaas 'n groot verantwoordelikheid op elkeen wat 'n geestelike of godsdienstige voorganger is en wat in professionele naastediens staan.

Uit hierdie ondersoek kan afgelei word dat godsdiens reeds van jongs af aan kinders voorgehou behoort te word en dat dit volgens hulle behoeftes en begrip moet geskied. Die ondersoek het aangetoon dat godsdienssin nie 'n essensiële faktor van volwassenheid is nie, omdat kinders ook 'n godsdienssin het. Die kritieke saak hier is om die regte kennis, op die regte tyd, volgens die kind se ontwikkeling en behoeftes aan te bied (Engelbrecht *et al.*, 1982:169-171) – 'n saak wat natuurlik verwys na die belangrike saak van kurrikulering, wat 'n studie op sigself is.

Daar word aanbeveel dat soortgelyke studies van tyd tot tyd in die snelveranderende wêreld van vandag herhaal sal word. Vir die Christendom byvoorbeeld is dit belangrik om Woordverkondiging en naastediens aktueel te hou. Aktuele bediening is die beste waarborg vir die uitbreiding van die kerk en van die Koninkryk.

**Tabel 1 : Faktorladings op godsdienssin as 'n faset van volwassenheid**

| VRAAGITEM<br>**Vereistes waaraan die godsdienstig volwassene getoets kan word** | FAKTOR LADING | RANGORDE-LIKE FAKTOR-LADING | GEMID-DELDE | STANDAARD-AFWYKING |
|---|---|---|---|---|
| Is hy toegewyd aan sy godsdiens? | 0,912 | 1 | 6,77 | 2,56 |
| Gee godsdiens rigting en doel aan sy lewe? | 0,896 | 2 | 7,06 | 2,38 |
| Soek hy vrede in sy godsdiens? | 0.870 | 3 | 6,91 | 2,47 |
| Soek hy veiligheid en beskerming in sy godsdiens? | 0,868 | 4 | 6,52 | 2,54 |
| Steun hy op sy godsdiens in die neem van besluite? | 0,861 | 5 | 6,20 | 2,73 |
| Soek hy veiligheid en beskerming in sy godsdiens? | 0,811 | 6 | 7,09 | 2,24 |
| Het hy kennis van sy godsdienstige beginsels? | 0,819 | 7 | 6,49 | 2,55 |
| Leef hy sy godsdiens in sy werk uit? | 0,733 | 8 | 7,17 | 2,56 |
| Het hy geloof en vertroue in 'n god? | 0,320 | 9 | 5,37 | 2,85 |
| Voel hy hom verplig om in verkiesings te stem? | 0,457 | 10 | 5,01 | 2,68 |
| Doen hy militêre diensplig? | 0,648 | 11 | 8,17 | 1,33 |
| Tree hy binne die wet op? | 0,514 | 12 | 7,38 | 1,85 |
| Is hy lojaal teenoor sy land? | 0,501 | 13 | 7,62 | 1,63 |
| Betaal hy vir openbare dienste (soos water en elektrisiteit) | 0,407 | 14 | 7,90 | 1,51 |
| GODSDIENSSIN (14 items gesamentlik) | | | 64,57 | 20,33 |
| CRONBACH ALPHA | 0,924 | | | |

**Tabel 2: Verskille in terme van biografiese veranderlikes ten opsigte van godsdienssin as 'n faset van volwassenheid**

| Biografiese veranderlikes | Kategorieë | Meerveranderlike P-waarde | N | Gemiddeld | Standaardafwyking | Detail P-waarde | Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. GESLAG (Hotelling $T^2$, Student, t-toets) | Manlik | 0,250 | 519 | 64,34 | 20,04 | 0,6321 | |
| | Vroulik | | 198 | 65,16 | 21,09 | | |
| 2. TAALGROEPERING (Manova, Anova & Scheffé) | Afrikaans (a) | 0,000 | 344 | 74,50 | 14,60 | 0,000 | (c)>(b) |
| | Engels (b) | | 281 | 53,06 | 21,35 | | (a)>(b) |
| | Ander (c) | | 73 | 63,75 | 15,35 | | (a)>(c) |
| 3. KWALIFIKASIES (Manova, Anova & Scheffé) | St. 10 (a) | 0.001 | 83 | 70,42 | 16,12 | 0,001 | (a)>(d) |
| | Diploma na St. 10 (b) | | 102 | 67,96 | 19,23 | | |
| | B-graad (c) | | 107 | 66,66 | 17,25 | | |
| | Nagraads (d) | | 425 | 62,08 | 21,64 | | |
| 4. PROFESSIE (Manova, Anova & Scheffé) | Politici (a) | 0,004 | 95 | 69,20 | 17,56 | 0,054 | |
| | Sakemanne (b) | | 253 | 63,50 | 19,56 | | |
| | Dosente (c) | | 367 | 64,08 | 21,41 | | |
| 5. DOSENTE (Hotelling $T^2$, t-toets) | Onderwyskollege | 0,254 | 269 | 64,30 | 20,85 | 0,513 | |
| | Universiteit | | 90 | 62,59 | 23,41 | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6. OUDERDOMME (Manova, Anova & Scheffé) | Jonger as 36 jr. | 0,466 | 131 | 62,72 | 19,37 | 0,261 | |
| | 36 jr. - 45 jr. | | 261 | 63,93 | 21,29 | | |
| | 46 jr. - 55 jr. | | 210 | 64,71 | 20,40 | | |
| | Ouer as 55 jr. | | 112 | 67,71 | 19,02 | | |
| 7. WOONPLEKKE (Manova, Anova & Scheffé) | Stedelik (a) | 0,003 | 518 | 63,24 | 20,99 | 0,0004 | (c)>(a) |
| | Semi-stedelik (b) | | 114 | 64,56 | 20,05 | | (c)>(b) |
| | Plattelands (c) | | 85 | 72,66 | 13,89 | | |
| 8. GODSDIENS (Manova, Anova & Scheffé) | Christelik – Pinkster (a) | 0,000 | 60 | 73,13 | 13,17 | 0,000 | (a);(b) (c);(d) |
| | Christelik – Protestants (b) | | 420 | 69,86 | 16,68 | | (e)>(f) |
| | Christelik – Rooms-Katoliek (c) | | 48 | 62,31 | 18,55 | | (a);(b) >(e) |
| | Christelik – ander (d) | | 57 | 62,86 | 17,13 | | (a)>(c) |
| | Hindoe (e) | | 54 | 57,06 | 19,62 | | |
| | Geen (f) | | 47 | 25,26 | 12,57 | | (a)>(d) |
| 9. GODSDIENS (Hotelling $T^2$, t-toets) | Christen | 0,000 | 585 | 68,90 | 16,81 | 0,000 | |
| | Geen | | 47 | 25,26 | 12,57 | | |
| 10. GODSDIENS (Manova, Anova & Scheffé) | Christelik (a) | 0,000 | 585 | 68,90 | 16,81 | 0,000 | (b)>(c) |
| | Ander (b) | | 85 | 56,51 | 20,25 | | (a)>(c) |
| | Geen (c) | | 47 | 25,26 | 12,57 | | (a)>(b) |
| 11. HUWELIKSTATUS (Hotelling $T^2$, t-toets) | Getroud | 0,011 | 603 | 65,50 | 19,83 | 0,010 | |
| | Ander | | 114 | 59,66 | 22,21 | | |

| Biografiese veranderlikes | Kategorieë | Meerveranderlike P-waarde | N | Gemiddeld | Standaardafwyking | Detail P-waarde | Scheffé |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 12. KINDERS (Manova, Anova & Scheffé) | Geen | 0,040 | 117 | 60,26 | 22,79 | 0,033 | |
| | Een en twee | | 293 | 64,10 | 19,68 | | |
| | Drie | | 193 | 66,40 | 19,83 | | |
| | Meer as drie | | 114 | 67,08 | 19,60 | | |
| 13. INKOMSTE (Manova, Anova & Scheffé) | Minder as R40,000 p.j. (a) | 0,041 | 102 | 64,60 | 17,99 | 0,570 | |
| | R41,000 - R60,000 p.j. (b) | | 212 | 64,82 | 21,25 | | |
| | R61,000 - R80,000 p.j. (c) | | 130 | 66,48 | 19,76 | | |
| | R81,000 - R120,000 p.j. (d) | | 122 | 64,78 | 19,68 | | |
| | Meer as R121,000 p.j. (e) | | 151 | 62,38 | 21,51 | | |

OPMERKING : Waar N nie in alle verdelings tot 722 optel nie, is dit as gevolg van onvolledige inligting deur respondente.

## Bibliografie

ENGELBRECHT, C.S., KOK, J.C. & VAN BILJON, S.S. 1982. Volwassewording. Pretoria : Butterworth.

KOK, J.C., MYBURGH, C.P.H. & VAN DER MERWE, M.P. 1992. 'n Volwassenheidsbeeld wat rigtinggewend vir die onderwys kan wees. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

MULLER, P., CLAASSEN, G. & VAN TONDER, M. 1986. Die groot Afrikaanse aanhalingsboek. Kaapstad : Human & Rousseau.

MYBURGH, C.P.H. 1990. Instrumentontwikkeling vir die meting van tydpersepsie. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (Ad hoc-verslag.)

NP 50 NATIONAL INSTITUTE FOR PERSONNEL RESEARCH, CSIR 1974. The NIPR Batch – Processing Program System. Vol. 3: Item Analysis Program (NP 50). Johannesburg : CSIR Special Report 211.

SWART, C. 1991. Godsdienssin as faset van volwassenheid. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (M.Ed.-skripsie.)